# Demonologie

## Fisiese Sfeer

. . . hulp van die Here, kon ons die diens regdeur laat voortgaan, self. Dis die rede waarom ek bly is om dit 'n bietjie te sien oorgaan, vir daardie enkele rede. Ek glo die Here sal ons help om dit te doen. [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Nou, julle weet daar's . . .

Ek is lief vir my bestuur. Ek het 'n paar lieflike broers, Bosworth, Baxter, Lindsay, Moore, almal, het vyf van hulle, Baron Von Blomberg. Hulle's net baie goeie manne. Maar daar's net iets omtrent, wanneer jy 'n groep mans bymekaar kry, een het een ding, een het 'n ander. Partymaal is dit teenstrydig met wat ek self dink. So ek—ek—ek voel asof ek net vry is nou. Ons kan net 'n lekker tyd hê, net ons moue oprol, en net inklim en eet. Ek dink aan jou moue oprol en 'n—'n lekker tyd hê.

My eerste Bybel was die natuur. Ek het God geleer deur die natuur. En ek hou van visvang. Hoe ek daarvan hou om vis te vang! En hou jy van visvang, ou seun? As jy hou van visvang, en jou ma liefhet, gaan jy 'n goeie seun word. En my bekering het dit selfs nie alles uit my weggeneem nie. So eendag was ek bo in die berge, aan die visvang. Nou, dit is net ter wille van hierdie klein seuntjie. En ek het visgevang daarbo in die berge . . . En vir die ander klein kindertjies, natuurlik, wat hier sit. En ek het forel gevang. En, o, dis wonderlik, die lentetyd. En ek het aangegaan soos dié, en daar was 'n forel net in die volgende gat, julle weet, soos daardie. En net die Here geprys en 'n wonderlike tyd gehad, geskree. Partymaal, my lyn neergesit. Ek glo in skree. Amen. Sekerlik. Want, ek weet iets kry my beet. En . . . [Leë kol op band—Rd.]

2 Daar's baie bere in die land daarbo, in New Hampshire. Ek het 'n klein kampie daarbo, waar ek visvang. Ek het 'n ou tent staangemaak gehad, 'n klein ou skuiltentjie waarin ek gewoon het. En 'n swart beer is die ondeundste ding wat daar is. So, 'n ou ma beer en 'n paar klein welpies het daar ingekom, en het hulle 'n verwoesting van my tent gemaak!

3 Nou, wat dink jy moes ek met daardie beer gemaak het, klein dogtertjie met die rooi hare, daar agter? Ek behoort hom regtig by te gekom het, nie waar nie?

4 Maar hier is wat sy gedoen het. Sy het ingekom, sy het my tent afgebreek en alles uitgestrooi, en al my kos opgeëet wat ek daar gehad het, en sy het net goed gevaar. So toe ek naderkom,

het sy weggehardloop. En sy het geskree vir haar welpie, en een klein welpie het saam met haar weggehardloop. En die ander een wou nie hardloop nie; hy het net daar gesit. Het sy rug op my gedraai gehad, soos *hierdie*, en hy het iets gedoen. En ek het niks in my hand gehad behalwe 'n klein ou handbyltjie nie. Ek het gekap om 'n paar vlierbome daaronder. Wel, sy het weggehardloop so ver soos, o, daardie telefoonpaal daarbuite, en gaan sit. Sy het geskree vir hierdie ou klein beertjie, maar hy het nie enige aandag daaraan gegee nie. Hy het net daar bly sit.

5 Ek het gedink: "Wat doen daardie klein kêreltjie?" Ek het 'n bietjie nader gegaan. Ek was te bang om te naby te gaan, bang dat sy my sou krap. So—so ek—ek kon nie 'n boom sien nie, en ek het geweet sy kon ook klim. So, en ek wou nie te naby aan haar gaan nie, want ek ken die natuur van die beer. So, ek het net 'n klein bietjie nader gegaan. En julle weet wat gebeur het?

6 Nou, ek hou van pannekoeke. Hoeveel van julle seuns hou van pannekoeke? O, goeiste! O, ek. . . Ou manne, ook. Ek het gesien hulle steek hulle hande op. Ons hou almal van pannekoeke, en ek is net lief vir hulle, en ek hou daarvan om heuning oor hulle te gooi. As 'n Baptis, julle weet, dis wat ons reg hou, julle weet, is die heuning, julle weet. So, en luister, ek besprinkel hulle nie, ek doop hulle behoorlik. Ek gooi dit oor tot waar dit regtig goed en swaar is. Ek sprinkel nie net 'n bietjie hier en daar nie. Ek gooi dit regtig oor hulle, kry hulle heel vol heuning.

7 En toe, julle weet, ek het 'n emmer heuning daarbo gehad, 'n halfgelling emmer heuning. En bere hou baie van heuning. So hierdie klein kêreltjie het daar ingekom en het die deksel van daardie emmer heuning afgekry, en hy het daar gesit soos hierdie, met hierdie emmertjie heuning onder sy arm, soos *dié*. Hy het die. . . Hy het nie geweet hoe om dit te eet, soos julle nie, julle weet, so hy sou net sy klein kloutjie insteek en dit *so* lek, en dit lek. En hy het omgedraai om na my te kyk, en sy ou ogies was toegeplak, sy klein magie was net so glad soos dit kon wees, met heuning. Hy het net daar gesit, sy hand ingesteek en die heuning gelek, soos *daardie*, net so vinnig soos hy kon lek.

8 O, goeiste, ek het gedink aan 'n goeie outydste Heilige Gees byeenkoms, wanneer ons net die emmer oopmaak, ons hand insteek in die fles en begin lek. Net aangaan, julle weet, net aanhou lek.

9 En weet julle wat tog die snaakste ding was? Nadat daardie klein kêreltjie soveel gekry het soos hy kon, het hy die emmer laat val en weggehardloop daar na buite. Weet julle wat gebeur het? Die ma beer en die ander klein beertjie het hom begin lek, en so die heuning afgekry.

10 So, wel, miskien sal ons byeenkoms iets van daardie soort wees, hoop ek, sodat ons net kan aanhou om andere te vertel, en die heerlikheid van God wat op ons val. Goed.

11 Ek is bly om julle kinders hier te sien. Ek hou daarvan om julle iets soos daardie te vertel. En miskien môremiddag, het ons meer tyd, en—en kan ons nog 'n bietjie praat. En ons gaan nou met ma en pa praat oor iets.

12 Ons gaan oor *Demonologie* praat. In Psalms 103:1 tot 3, lees ons hierdie verse. Omtrent elke prediker en geestelike, of Bybelleser, ken hulle uit die kop uit.

> *Loof die Heer, o my siel, en alles wat binne—in my is, sy heilige Naam!*
>
> *Loof die Heer, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!*
>
> *Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees,*

13 Ek wil hê julle moet hier oplet, dit was 'n "al." "Wie al jou ongeregtighede vergewe, Wie al jou krankhede genees." Nou kan ons ons hoof net 'n oomblik buig.

14 Nou, Hemelse Vader, ons dank U vanmiddag, dat ons hier kan wees. Ons dank U vir hierdie klein kindertjies wat hier sit, hulle's die mans van môre, en vroue, as daar 'n môre is, as Jesus vertoef. En, nou, Vader, ons bid dat—dat U ons nou sal seën soos ons nou oor U Woord praat, en oor die groot vyand wat ons het, Satan. Ons bid, God, dat U ons 'n front sal laat uitgaan, 'n gemeganiseerde eenheid hier, die krag van God, wat hom vanaand sal weerstaan in elke duim van sy grond, Here, en hom sal wys dat hy glad geen wettige gronde het nie, dat Christus hom in ons plek daar by Golgota verslaan het, toe Hy gesterf het, en Hy vorstedomme bederf het en Satan van elke—elke mag wat hy gehad het beroof het. En, God, gee ons nou wysheid en begrip, om te weet en te verduidelik aan die mense hoedat hulle kan weet om genees te word en Satan te verslaan. In Jesus Naam bid ons. Amen.

15 Nou vir 'n paar minute gaan ons praat oor *Demonologie*. Jy hoor so baie van demone. Nou, môremiddag gaan ons waarskynlik klaarmaak. Ek wou twee dae van hierdie week gehad het, in elk geval, om hieroor te preek, net. . .of twee dae vir middagdienste, om hieroor te praat.

16 Nou, die eerste ding, wat 'n demoon is. Julle hoor soveel mense praat oor 'n demoon. Wel, nou, 'n "demoon, duiwel," kom alles van een woord, en in die Engels word dit genoem "tormentor" ["pyniger"—Trans.]. 'n Kêrel wat pynig is 'n duiwel, 'n bose een. Hy sê. . .Nou, die Bybel is vandag, vir die meeste, vir baie mense, 'n outydse boek wat oupa en ouma

gelees het, of so iets. “Daar’s nie veel daaraan nie, dis vir die ou mense, ensovoorts.” Maar dis verkeerd. Dis vir almal. En demone is pynigers wat ons pynig.

17 Nou, daar is demone wat in die siel van die mens inkom, en dit is, in die uitdrukkingswyse, sou dit wees—sou dit wees in die. . . alhoewel, ek sou dit sê, die demoon wat in die siel inkom is iets wat die siel pynig.

18 Baie keer kan jy miskien ’n persoon sien van kranksinnigheid. Nou, hulle mag steeds ’n bekeerde persoon wees, gevul met die Heilige Gees, en tog totaal kranksinnig wees. Sien? Dis reg. Dit het niks te doen met die siel nie. Dis ’n pyniger, sien, iets wat hulle pynig.

19 Nou, alle siekte, ons moet eers vind dat alle siekte van die Duiwel af gekom het. God is nie die skepper van siekte nie. Geen siekte kom van God af nie. God laat partymaal vir Satan toe om siekte op jou te sit, as ’n sweep om jou terug te bring na die huis van God, wanneer jy ongehoorsaam was. Maar siekte, in die begin daarvan, kom van die Duiwel af. Kan jy glo dat ’n persoon sou glo dat God, ons Hemelse Vader, die skepper van so iets soos siekte en dood sou wees? Wel, nee, Hy is nie, was nooit, sal nooit wees nie. God laat dood toe as gevolg van ongehoorsaamheid. God laat dood toe. Soos een skrywer gesê het: “Al wat die dood kan doen, God het dit ingespan voor ’n waentjie en dit trek ons in die Teenwoordigheid van God in, ’n gelowige.” Maar die woord *dood* beteken “skeiding.”

20 Jesus het gesê: “Hy wat My Woorde hoor en aan Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe.” En Hy het gesê: “Ek is die opstanding, Lewe, hy wat in My glo, hoewel hy dood was, tog sal hy lewe, en wie ook al lewe en in My glo sal nooit sterf nie.” En ons dra mekaar se liggame oor die heiligheid van ons graf. “Maar hy sal nooit sterf nie.”

21 Nou as julle sal dophou toe Hy gepraat het van Lasarus, het Hy gesê: “Lasarus slaap.”

22 Die dissipels, mense soos ons, hulle het gesê: “O, as hy slaap doen hy goed. Hy het bedoel ’n ruskans neem,” wat hulle gedink het.

23 Maar Hy het gekom en met hulle gepraat in hulle taal. Hy het gesê: “‘Hy’s dood,’ wat julle glo. Maar,” gesê: “Ek sal hom gaan wakker maak, hom wakker maak.” Sien? Sien? Wanneer jy. . .

24 *Dood* beteken “skei.” Nou, as een van jou sou, as een van jou familie sou sterf, of iets, is hy, as hy bekeer is, is hulle nie dood nie. Hulle is dood in die humanistiese standpunt. Maar hulle is net geskei van ons, maar hulle is in die Teenwoordigheid van God. Hulle is nie dood nie, en hulle kan nie sterf nie, dis onmoontlik vir hulle om te sterf. Jesus het

gesê: "Hy wat My Woorde hoor en aan Hom glo wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die oordeel ingaan nie, maar het van die dood oorgegaan na die Lewe." So, hy kan nie sterf nie. Enigiets wat onsterflik is, Ewig, dit kan nie vergaan nie. Dis onverganklike Lewe. Hy het Dit omdat God Dit vir hom gegee het. En nie—nie verdienstelik nie; dis met . . . Dis onvoorwaardelik. God gee Dit vir hom.

25 God roep. Geen mens kan na God kom tensy God hom geroep het nie. Jesus het gesê: "Geen mens kan na My toe kom tensy My Vader hom roep nie, hom trek nie." Dit reg? So dis God in alles. Miskien sal ons môremiddag 'n bietjie meer daarop ingaan, want ek wil hierdie ding van *siekte* kry, aan julle, sodat julle dit sal sien.

26 Daar was 'n tyd toe ons bevrug is in ons oupagrootjie. Julle weet dit. Dokter weet dit. Wel, julle weet, ook, julle Bybellesers. Jy weet die kiem van die lewe het in jou oupagrootjie begin, om 'n kiem te word, en deur jou oupa uit te kom, toe in jou vader in, toe na jou moeder en waar jy nou is. Dis reg. Skrif leer dit selfs. Hier's die Skrif vir julle as julle wil. Ek glo dit het gesê dat Levi tiendes betaal het toe hy in die lendene van Abraham was, wat sy oupagrootjie was. Dit reg? So, sien, die kiem het daar terug begin.

27 Maar julle siele is voor die grondlegging van die wêreld gemaak, toe God die mens in Sy Eie gelykenis gemaak het; gees van die mens; nie *'n* man in Sy Eie gelykenis nie, maar *die mens* in Sy Eie gelykenis. Sien? En toe het Hy hulle manlik en vroulik gemaak, voordat Hy ooit 'n man in die stof van die aarde gehad het. Wens ons het vanmiddag 'n kans gehad, ons tyd kon neem en teruggaan daarin. Net sien hoe God . . . Nou, dis tussen die lyn, maar, wanneer jy sien, kom dit reg op saam met die lyn. Sien? Hoedat God, terug in die begin, wat Hy daar gedoen het, en hoe Hy af in die aarde inbeweeg het en hoe hoedat Hy die mens in Sy gelykenis gemaak het; en toe het God omgedraai en is in die gelykenis van die mens gemaak, om die mens te verlos.

28 Nou, toe God die mens in Sy gelykenis gemaak het, was hy 'n gees man. En daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Toe het Hy die mens uit die stof van die aarde gemaak. Nou, chronoloë, ensovoorts, en hierdie mense wat soek en ou bene kry, ensovoorts, en glo in evolusie . . . Ek glo in die regte soort evolusie. Die mens ontwikkel uit homself, maar nie alles van een sel af nie. Nee, meneer, want 'n—'n voël was 'n voël vandat God hom 'n voël gemaak het, en 'n aap was 'n aap, 'n mens was 'n mens. Dis reg.

29 Nou, ek het met 'n dokter gepraat hier 'n tyd gelede, in Louisville. Hy het gesê: "Tog, Eerw. Branham!" Ek het gepraat oor hoe die inboorlinge van Afrika, hoe hulle eet, net afgaan

by. . . O, van die ergste dinge wat jy ooit sal sien, hoe hulle sou eet! Net dinge optel wat besmet is, maaiers daarin, hulle net rondskud, maaiers en al. Maak nie enige verskil aan hom nie. Sien? Hulle het gesê. . . Drink enigiets, maak nie enige verskil wat dit is nie. Hy het gesê: "Maar, Eerw. Branham, daardie mense is nie menslik nie."

Ek het gesê: "O, ja, hulle is. Hulle is beslis menslik."

30 Ek het gesê: "Die naaste ding aan 'n mens, in die dierelyn, is 'n sjimpansee. En julle het vir vierduisend jaar probeer om een mompel uit daardie sjimpansee te kry, en hy kan dit nie doen nie," ek het gesê: "want hy kan nie dink nie. Hy het niks om mee te dink nie." O, jy kan hom klein goedjies leer soos 'n perd, hie en ha, of 'n bril opsit, of 'n sigaar rook, of homself balanseer op 'n fiets, 'n perd ry, of so iets, maar net soos hie en ha, vir 'n perd, of vir 'n hond of so iets." Ek het gesê: "Hy's 'n dier."

31 "Maar jy laat my agter in Afrika gaan, na die wildste stam wat hulle het, en dis die klein stam van die boesman." En ek het gesê: "Waarskynlik het sy agter—agter—agter oupagrootjie nooit 'n witman of iets gesien nie. Die enigste ding wat hy weet, hy weet nie eens watter is sy regter en linkerhand nie. Die enigste ding wat hy weet is eet, en hy eet waarop hy sy hande kan lê, as dit mensvleis is, enigiets anders, maak nie enigsins saak vir hom nie, net solank hy eet. Maar laat my hom kry op vyf jaar oud, en op vyftien jaar oud sal hy goeie Engels praat en 'n goeie opvoeding hê. Hoekom? Hy het 'n siel. God het hom 'n mens gemaak, en hy het net soveel reg om die Evangelie te hoor, ten minste een keer, as wat ons het om hierrond te preek, reg oor Amerika, vir mense, oor en oor en oor, en smeek, oorreed en alles. Laat hom dit een keer hoor, en kyk hoe hy skree en vinnig na die altaar hardloop." Sien? Ja, meneer!

32 Dis wat my hart is, broer, vandag, wanneer ek dink aan Afrika, en daardie arme swart hande wat opsteek, en sê: "Broer Branham, nog een keer oor Jesus!" O, genade! Daar's iets in my wat grawe en brand. Net so gou as wat ek geld bymekaar kan kry, gaan ek soontoe, ook. Dis wat ek doen met elke pennie wat ek kry, alles, God weet, behalwe net wat ek kan eet. En meeste mense gee my my klere. En net wat ek kwalik op kan lewe, self, net so nougeset soos ek kan, gooi ek dit reguit in die sendingfondse wat die regering georganiseer het. Ek betaal nie eers inkomste belasting daarop nie. Totdat ek drie of vier, vyfduisend dollars het, en ek hier na oorkantoe neem en die Evangelie aan die mense preek wat ek weet wat ek op daardie dag sal moet antwoord. En ek sal weet waarvoor ek antwoord.

33 Ek het altyd, wanneer ek 'n stad binnegegaan het, sou ek groot byeenkomste hou toe hulle baie geld gehad het, en hulle groot veldtogte gehad het en duisende dollars, sou ek dit

oorhandig aan die Rooi Kruis ensovoorts. Nou, nou, nie om hulle te na te kom nie, maar kom in die straat af met 'n vierduisend dollar motor, met groot diamantknope aan, rook 'n sigaar, en vyfhonderd dollar 'n week op die geld wat siek men—. . .Nee, meneer! Nee, glad nie! En op hierdie, so gou as wat jy uit die stad is, sê hulle: "holy rollers," en alles soos dit, en skeer gek, en verkleineer die godsdiens waarvoor ons staan. Nee, meneer!

34 Ek neem dit self, en voor God as my Regter, plaas ek dit oorkant in die Evangelie werk, sodat ek weet op daardie Dag dat ek sal. . .wanneer ek rekenskap sal moet gee vir my rentmeesterskap, dit korrek gegee word. Dis presies reg, want soos ek die mense behandel behandel ek God. Net my houding teenoor julle is my houding teenoor Christus. En julle houding teenoor my is dieselfde ding, dis reg, teenoor Christus.

35 Nou, om mense soos daardie te sien, en sien hoedat 'n menslike wese, dan, met 'n onsterflike siel nou, wat nie kan sterf nie, nie kan vergaan nie, niks kan doen behalwe ewige Lewe kan hê nie, wat God oppermagtiglik, in Sy Eie wil, dit aan jou gegee het. En nou, dan, nou ek. . .

36 Laat my dit net 'n bietjie korrigeer, of iets sê. Iemand gaan weggaan en sê: "Broer Branham is 'n Calvinis." Nee, ek is nie. Ek is 'n Calvinis solank as Calvinis in die Bybel is. Maar wanneer Calvinis uit die Bybel uitgaan, dan is ek 'n Armeniër, sien. Ek glo in heiligheid en ek glo in Calvinis, ook. Maar, elkeen van hulle, een het in 'n rigting gegaan en na *hierdie* kant gegaan, en een het in 'n rigting gegaan en na *daardie* kant gegaan. As dit nie vir die Boek van Efésiërs was nie, om dit terug te bring en dit op die regte plek terug te sit waar God dit gesit het nie, sou ons almal heeltemal deurmekaar gewees het. Maar hulle het albei 'n doktriene, maar hulle gaan te ver daarmee, elkeen, dis die heiligheid en die Calviniste, ook, die Armeense. Nou, Calviniste het iets waars. Ek glo dat, dat die Calvinistiese doktriene. . .

37 Ek glo dit. In sekuriteit, ek glo die Kerk het Ewige Sekuriteit. Enige leser van die Bybel weet dit, want God het alreeds gesê Dit sou oorkant verskyn sonder 'n letsel. Dit reg? Dan, gaan Dit daar wees. Is dit reg? Die By—. . .Die Kerk is Ewiglik verseker. Nou, is jy in die Kerk, is die volgende ding. As jy in die Kerk is, goed, jy's verseker saam met die Kerk, maar jy beter in die Kerk bly. En hoe kom jy in die Kerk? Deur hand te skud? Nee. Jou naam in die boek te sit? Nee, meneer. "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam." En daardie Liggaam, wat God geoordeel het op Golgota, was die Liggaam van Jesus Christus, en ons word in daardie Liggaam ingedoop deur een Gees. Ons het Ewige Sekuriteit solank ons in die Liggaam van Christus is, niks kan ons skei nie, niks kan ons aanraak nie. As jy uitgaan, gaan jy uit deur jou eie wil.

Maar so seker, as jy in die Liggaam van Christus is, so seker as wat Jesus opgestaan het uit die dood, sal jy ook opstaan. God het dit alreeds gedoen. Hy. . .

38 Jy kan nie sondig nie. O, jy doen. . .Ek mag miskien in sondaar in jou oë wees, maar as ek in Christus is, sien God dit nie, omdat sy sonde versoen. . .Sy Bloed versoen vir my sondes daar. Sien? Ek kan nie sondig nie. "Hy wat uit God gebore is doen nie sonde nie, want hy kan nie sondig nie. Die Saad van God bly in hom." Sien? Hy, hy's gewillig om, as hy 'n fout maak, sekerlik, hy's net dan gewillig om dit te bely. As hy 'n ware Christen is, sal hy dit doen. As hy dit terughou, wys hy hy het niks, in die eerste plek nie. Dis reg. Hy het niks, om mee te begin nie. Maar as hy 'n ware Christen is. . .

39 Net hier, jy plant 'n koringkorrel in die grond, dit sal altyd 'n koringkorrel wees. Kankerrose mag reg rondom dit wees, en alles anders, maar dit sal 'n koringkorrel wees so lank as wat dit staan. Dit reg? En as 'n man werklik gebore is van die Gees van God, is hy nie in en uit, en vorentoe en terug, en uit buite in die wêreld en hier buite nie. Nee, meneer. Nee, nee. Jy's nie 'n kankerroos eendag en 'n koringkorrel die volgende dag nie. God het nie dit in die veld nie. Ja, meneer. As jy gebore is van die Gees van God, is jy 'n Christen van daardie tyd totdat die. . .totdat jy weggaan, en dan is jy—is jy onsterflik, saam met God. Dis reg, as jy in die Kerk is.

40 Nou, nou laat ons oor die dood kant praat. Nou, hoe kan 'n persoon in daardie staat, in daardie soort van 'n toestand, ooit siek wees? Omdat jou liggaam nog nie verlos is nie. Jou liggaam is nie verlos nie. Maak nie saak hoeveel, hoe goed jy is nie, en hoe vroom, en hoe heilig, en hoeveel Heilige Gees, dis net jou siel. En jou siel is nog nie voltooi nie. Dit het net die Seëning, die belofte van God, wat die onderpand van ons verlossing is. Maar nou as ons geen onderpand van ons opstanding het nie, geen Goddelike genesing nie, dan sal ek geen versekering of niks hê om aan my te bewys dat daar 'n opstanding is nie.

41 Net soos as Christus nie in my hart leef nie, as ek dit van 'n sekere soort van 'n—'n sielkundige ding daar anderkant moet neem, iets soos daardie sal moet glo, wel, dan sal ek—ek—ek 'n bietjie skepties daaroor wees. En dis die rede, oorkant in Afrika, wanneer hulle kom, hier kom sendelinge op, en bring duisende van daardie inboorlinge, en hulle het ou modder afgode en alles anders gedra, is omdat hulle net die psigiese kant van die Bybel gehoor het. Dis reg. En my eie kerk is Baptis, Metodis, Presbiteriaans, almal wat daar ingegaan het. Maar toe hulle die krag van God in demonstrasie sien kom, het dit dit afgehandel, toe het hulle geweet dat God God was.

42 Maar, nou, wat begin hierdie siekte? Nou, die eerste ding, dis 'n gees voordat dit 'n siekte word, net soos jy 'n gees was

voordat jy 'n mens geword het. Nou gaan ek vir Broer Willett hier neem as 'n voorbeeld. Broer Willett, ek. . . Daar was 'n tyd toe ek en jy niks was nie. En toe die eerste ding, het God ons 'n lewe gegee. En laat ons neem, sê, as ek jou liggaam afneem vanmiddag, jy word opgebou uit 'n klomp selle, bymekaar gehou deur atome. En nou, eendag sal daardie atome vernietig word, as Jesus vertoef. Jy sal teruggaan. Hulle sal wees net soos hulle was aan die begin, teruggaan in die lug. Maar wanneer jou gees terugkom, sal daardie atome weer bymekaarkom met hierdie gees en nog 'n Broer Willett net soos daardie een voortbring, net jonger, toe hy op sy beste was.

43 Wanneer 'n man by omtrent vyf—en—twintig jaar oud verbygaan, vind hy 'n paar plooie onder sy oë, en 'n paar grys hare wat inkom. Dit gaan wees, want die dood is agter jou aan. En een van hierdie dae gaan dit jou neem. Maak nie saak wie jy is nie, dit gaan jou neem. Maar dit geleidelik. . . Jy sal hier in 'n hoek beland, en God sal jou uit daardie hoek kry, en jy sal in hierdie hoek *hier* beland, die dood sal jou amper hê, en hier oorkant, maar na 'n tyd sal dit jou kry. Maar dan, wat die dood kan doen, dit eis sy volle tol, en dan by. . . wanneer dit alles gedoen het wat dit kan doen. . . Toe God jou hierdie lewe gegee het, en jy op jou beste was, op omtrent drie—en—twintig, wanneer jy in die opstanding inkom sal jy net presies so terugkom soos jy was toe jy drie—en—twintig jaar oud was, vyf—en—twintig, voor die dood intree. Die Dood sal alles hê wat dit kan doen. Dit het daar begin, maar jy sal reguit terugkom op die manier wat jy was.

44 Nou, as elkeen van jou—jou selle in jou liggaam, laat ons dit nou afbring, jy kom sel na sel, sel na sel, en lê dit uitmekaar hier op die platvorm, volgens elke sel van jou liggaam, sou jy afkom na een klein kiemetjie waarvanaf jy begin het, kan nie gesien word met die natuurlike oog nie. Jy moet onder vergrootglase kyk. Ek het die kiem van die lewe onder 'n mikroskoop gesien. Dit lyk soos 'n klein draadjie. En die eerste ding wat begin is in die ruggraat, dis soos 'n klein knopie. Dis die eerste klein selletjie wat akkumuleer bo—op 'n sel.

45 Nou, as ek daardie een enkele klein selletjie sou neem waarvanaf elkeen van julle gekom het, een baie klein selletjie, kiem. . . Wat is 'n kiem? 'n Kiem is 'n baie klein, die kleinste selletjie. Wel, wat kom na dit? Nou, ek het jou afgeneem van elke deel van jou, na hierdie een selletjie, en ek het jou nog nie gekry nie. Ek het net jou selle uitgelê. Wel, dan, volgende ding, bloedselle, en vleesselle, en wat hulle ook al is, hulle net hier uitgelê, maar ek het nog nie vir jou nie. En ek is nou al by een kiem. Wel, ek gaan daardie selletjie uitmekaar haal. Nou, waar is jy? Jou lewe. En die lewe maak die eerste sel, wat 'n kiem is, dan alles volgens sy natuur; hond volgens hond, voël volgens

voël, mens volgens mens. Ontwikkel selle, sel op sel, sel op sel, kom op tot waar jy is, mens, ontwikkeling van selle. Nou, dit was deur God verordineer om so te wees.

46 Maar, nou, wat van ’n kanker? Laat ons ’n bietjie oor hom praat. Nou, God het jou jou lewe gegee. En sê, hier is jy vandag, hier is ek, daar’s—daar’s niks op my hand nie, maar daar mag ’n kanker op my hand wees een of ander tyd. Wel, hoe het daardie kanker daar gekom? Laat ons sien wat daardie kanker is, nou laat ons hom uitmekaar haal, laat ons hom gaan neem. Nou, hy’s ook ’n klomp selle. Het julle dit geweet? Gewas, katarak, enige van daardie goed is selle. Hulle het nie enige vorm nie. Sommige van hulle sprei uit, en party lyk soos spinnekop, en party lyk. . . loop strepe, ’n rooi kanker, net soos lang rooi drade wat deurloop. En dan’s daar ’n rooskanker wat gewoontlik op die bors van ’n vrou kom, dis soos pannekoeke wat opmekaar lê, en dan sprei hulle uit. En hulle groei net enige plek.

47 Partymaal is gewasse skeef, in *hierdie* rigting, lank, langwerpig, en alles. Hulle het geen vorm nie, want hulle kom van ’n gees wat geen vorm het nie. Maar dis ’n ontwikkeling van selle. Dis ’n klomp selle wat, sê, in jou is net nou ’n gewas of ’n kanker, dit ontwikkel selle, groei, groei, groei. Dit eet, suig jou lewe uit jou uit. Dit lewe op die bloedstroom. Katarakke neem die slymvlies van die oog en groei reg daar oor, oordek homself, maak jou oë toe. Party van hulle kom en raak nooit. . . soos tering, dit kom net in ’n klein kiemetjie. Daar’s niks aan die grote daarvan nie. Dieselfde grote kiem wat ’n olifant maak, maak ’n—’n sandvlooi. Sien? Niks aan die grote van die kiem nie.

48 En party van hulle neem liggaamlike vorm aan, ander doen dit nooit. En party gaan nooit in selle in nie. Party word gees, pynig die siel. Ons sal by daardie deel kom, ek sal daardie deel los vir môremiddag, as ek kan, waar die siel—gees kom, en hoe *hier* onder.

49 En nou, vriende, ek vertel nie hierdie vir een of ander soort sielkunde nie. Ek het met demone te doen gehad vir jare, en julle weet dit. As julle net die ding geweet het, na die dienste verby is in die nag, wat partymaal aangaan. Julle weet nie. Onthou, wanneer jy teen ’n gees kom, beter jy weet waarvan jy praat. Jy staan nie daar en aangaan nie, want dit gaan jou nie help nie. Maar wanneer ’n demoon jou werklik moet gehoorsaam, sal hy dit besef. Dit is nie hoe hard jy skree nie, dit is nie hoeveel olie jy opsit nie. Dis wat hier agter is wat hy sal herken, die Waarheid. Jesus het net vir hom gesê: “Kom uit.”

50 Onthou, die dissipels het geskop en gedraai, en hom probeer uitdryf, en alles. Hulle het gesê: “Hoekom kon ons hom nie uitdryf nie?”

Gesê: "Omdat, julle ongeloof."

51 Gesê: "Kom uit hom uit." Die seun het geval en die ergste aanval gehad wat hy ooit gehad het. Sien? Sien? Hulle herken gesag.

52 Kyk na daardie seuns daaronder, daardie vabonde wat Paulus duiwels sien uitdryf het. Hulle het gesê: "Ons kan dieselfde ding doen," sekere priester se seuns. So hulle het afgegaan en gesê: "Ons kan duiwels uitdryf." Handelinge 19. Hulle het afgegaan na 'n man wat epileptiese aanvalle gehad het, en gesê: "Ons beveel jou, deur Jesus. Kom uit hom uit!" Die duiwel het gesê nou, "In die Naam van Jesus wie Paulus preek!"

53 Die duiwel het gesê: "Nou, ek ken vir Jesus en ek ken vir Paulus, maar wie is julle?" Julle weet wat gebeur het. Gespring op die manne, hulle klere geskeur, en hulle het self aanvalle gekry, en in die straat uitgehardloop.

54 Daardie selfde demone leef vandag, so daar is 'n klomp fanatisisme. Hierdie is die kerk, vanaand. Daar is 'n klomp fanatisisme in die land vandag, wat Goddelike genesing genoem word, wat stilgemaak behoort te word. Dis wat die ware Saak in 'n swak lig stel. Dis hoekom jy so 'n swaar stryd het. Daar's 'n klomp goed wat godsdiens genoem word, vandag, wat stilgemaak behoort te word; niks anders as kultusse nie! Dis wat die ware Kerk van God so 'n harde stryd daarmee laat hê. Maar ons is Amerika, sien, dis die manier om te wees. God het gesê die koring en die rankplante en die doringstruike het saam gegroei. Moet hulle nie probeer uittrek nie. Laat hulle saam groei, jy sal hulle aan hulle vrugte ken. Daar's geen vrugte nie, wel, daar's geen Lewe nie, daar's niks daar nie.

55 Nou, hou hierdie sel dop. Laat ons sê, byvoorbeeld, soos baie keer, die rooi kanker tref gewoontlik die baarmoeder van 'n vrou, vroulike letsels ensovoorts. Nou dit, laat ons dit neem, daardie kêrel afneem nou, op sy sel, hierdie—hierdie kanker. Nou 'n kanker . . .

56 Alles in die natuurlike tipeer die geestelike. Is julle bewus daarvan? Alles in die natuurlike tipeer die geestelike, ongeag.

57 Byvoorbeeld, soos hierdie, wanneer—wanneer ons gebore word in die Liggaam van Christus, is daar drie elemente wat die neem om ons Geboorte te laat plaasvind. En dis die drie elemente wat uit die lewe van Christus uitgekom het toe Hy gesterf het. Daar het uit Sy Liggaam uitgegaan, water, Bloed, Gees. Is dit reg? [Gemeente sê: "Reg."—Rd.] Drie elemente, dis die elemente waardeur ons gaan weergebore word: regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees. Nou, dit kan alles in een handeling wees. Maar dit neem . . . Maar jy kan in 'n geregverdigde staat wees sonder om geheilig te wees. Jy kan aan die Here Jesus Christus glo en steeds jou

vieslikheid saam met jou dra. En jy kan absoluut in beide ’n geregverdigde en skoon heilige lewe leef, en sonder die Heilige Gees. Sien, die Bybel, Een Johannes 5:7, het gesê: “Daar is drie wat getuig in die Hemel, die Vader, Seun, en Heilige Gees en. . . Vader, Woord, en Heilige Gees,” wat die Seun was, “en hierdie drie is een. En daar’s drie wat getuig op aarde, die water, Bloed, en Gees, en hulle is eenstemmig.” Nie een nie, maar eenstemmig. Jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie; jy kan nie die Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie, want hulle is onafskeibaar, een. Die drie—eenheid is in een.

58 Ek hoor dit nie hierrond nie, maar jy hoor dit baie oor die land, een van die grootste dinge in die Pinkstergroepe, is ’n verwarring in daardie een eenvoudige ding. En ek het hulle hoofde reg bymekaar gehad en aan hulle bewys dat hul albei dieselfde ding glo. Dis die Duiwel tussen hulle, dis al. As daardie groot Pinksterkerk sou ver—. . . daardie klein, ou tradisietjies sou afgooi en hulself verenig in een geseënde Kerk van God, sou die Wegraping kom. Maar solank as Satan hulle verdeeld kan hou, goed. Dis sy manier van dit doen. En hulle glo absoluut dieselfde ding.

Een sê: “Wel, *dìt* is Dit.”

59 Ek het gesê: “Wel, as *dìt* Dit is, dan is Dit *dìt*.” So daar het julle dit. So, dis alles dieselfde ding. Maar daar is julle, in daardie drie—enige drie—eenheid van God. Nou, nou, God in Sy eenheid. God die Vader, Seun, en Heilige Gees. Nou, ons sê nie “ons gode,” soos heidene nie. Dis “ons God.” Sien? Dis die drievoudige Wese van God.

60 Nou let op, nou, Satan is ook in ’n drie—eenheid. En sy magte is in drie—eenheid.

61 Nou, maar let dan op wanneer die water, Bloed en Gees die nuwe Geboorte voortbring. Is dit reg? Hou nou dop. Dis wat die nuwe Geboorte verteenwoordig. Wat verteenwoordig die natuurlike geboorte voordat die nuwe Geboorte kom? Wanneer. . . Julle moeders, wanneer ’n baba gebore word, wat is die eerste ding? Water. Volgende, bloed. Volgende, sien, dit maak die lewe, sien, maak die persoon. Water, bloed, gees.

62 Nou, ’n kanker, laat ons hom vir ons volgende behandel. Ons het omtrent vyf minute oor, reken ek. Laat ons omtrent die volgende vyf minute, kanker behandel. Wat is daardie kêrel? Wat stel hy voor? Hy’s ’n aasvreter. Hy verteenwoordig die aasvoël, eet dooie goed. En ’n kanker kom van ’n kneusing af, meestal, waar ’n sel getref is en dit—dit opbreek. En ’n klein selletjie daarbinne word teruggevalle. O, dis ’n groot woord vir ’n Baptis, nie waar nie? Goed, maar dit val terug, daardie sel. Ek’s ’n Baptis wat glo in terugval.

63 Iemand het gesê, hier onder in ’n Arkansas byeenkoms nou die dag, gesê: “Broer Branham,” gesê. . . Dit was ’n mede

Nasarener. Hy is genees. Hy het sy. . . Reg oor die dorp geloop, met sy krukke oor sy skouer. Hy het gesê: "Jy weet wat?" Gesê: "Toe ek die eerste keer hier gekom het," gesê: "Het ek—ek gedink jy. . . jou gehoor preek het, het ek gedink jy is 'n Nasarener." Hy het gesê: "Toe het ek gesien die meeste van die mense is Pinkster, en iemand het my vertel jy is Pinkster. En nou sê jy jy's 'n Baptis." Gesê: "Ek begryp dit nie."

64 Ek het gesê: "O, dis maklik." Ek het gesê: "Ek's 'n Pinksterste Nasareense Baptis." So dis—dis reg. Goed. Nee, ons is een in Christus Jesus, deur die Heilige Gees wat ons een maak. Dis reg.

65 Nou, let op, hierdie klein selletjie val terug wanneer dit gekneus word. Dit begin klein. Ander klein kieme hardloop uit om hul lewens daarbinne te gee. En dis waar etter in 'n sweer kom. Dis baie klein soldaatjies wat om jou lewe veg. Hulle hardloop soontoe en—en tref daardie gif, daardie demoniese magte wat probeer—probeer om daarbinne te versamel, en gee hulle lewens. Dis wat maak. . . Dis. . . Hulle is 'n klomp dooie soldate, daardie etter wat in jou bloed is. . . wat in 'n—in 'n seerplek is, wat hulle lewens gee om joune te red.

66 Nou, wanneer 'n klein selletjie eenmaal verwerp daarbinne en hierdie demoon begin, begin hy groei, begin hy selle vermeerder. Hy bou 'n liggaam net presies soos jou baba's begin in jou baarmoeder, en soos jy het in jou ma. Sel op sel, sel op sel, sel, enige manier, oral; net, hulle het geen vorm of iets soos 'n mens nie, volgens sy natuur. Dis net uit 'n gees. Dit groei net enige manier, en sal begin sel op sel, sel op sel.

67 En nou, eerste ding wat jy weet, jy sal begin swak word en siek voel. Jy gaan na die dokter toe en hy sal jou ondersoek. Miskien kan hy dit nie kry nie. As hy dit kry, sal hy dit dalk sny. As hy dit heeltemal kan uitsny, goed, jy het dit. As hy dit nie heeltemal kan uitsny nie, dan as dit in die keel of iewers is waar dit nie heeltemal uitgesny kan word nie, sal een spikkel daarvan net bly voortlewe. Sien, want dit het nie soos jy jou hand sou afsny en dit afhandel nie, of iets nie, of jy sou afsny. . . Wat ek bedoel, as jy die hoofliggaam sou afsny, en jou hand daar los, wel, dit sou nie lewe nie. Maar—maar, sien, dit het nie die vorm van lewe soos jy dit het nie. Dis 'n demoon krag wat beweeg.

68 En let nou op, jy noem hulle, die dokter noem dit, 'n "kanker." God noem dit 'n "duiwel." Kyk na vandag. Hulle kry dit net. . . Waar het die woord *kanker* vandaan gekom? Dit kom van die. . . van 'n Latynse woord wat in die mediese terme gebruik word, wat 'n "krap" beteken, 'n krap wat jy langs die seekus sien, het al daardie pote. Dis die wyse waarop—waarop dit optree, dit strek uit, sprei uit. Die woord kanker is krap. En dit kom in en hou net aan om vas te klou en bloed te suig soos

dit gaan, soos 'n seekat of iets. Wel, 'n gewas, katarak, en ander siektes, elkeen van hulle kom van 'n kiem, en daardie kiem moet 'n liggaam wees. En voor dit 'n liggaam kon wees, moet dit 'n lewe wees. Voor dit kan skep of—of bevrug en meer selle maak, moet dit 'n lewe wees. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Nou, waar het daardie kanker vandaan gekom? Wie, waar het dit vandaan gekom? Dit was nie hier 'n tyd gelede op jou nie, maar is miskien nou op jou. Waar het dit vandaan gekom? Dis 'n ander lewe verskillend van jou lewe, wat in jou leef. En dit pynig, put jou lewe uit. Dis die rede waarom Jesus haar 'n "duiwel" genoem het.

69 Hulle noem epilepsie vandag, hulle sê: "epilepsie." Wel, epilepsie, in die Bybel, het Jesus "'n duiwel" genoem. Toe die man gekom het met die seun wat op die grond geval het, en skuim om die mond gehad het, en alles, het hy gesê: "Hy het 'n duiwel, en somtyds gooi hy hom in die vuur, in die water."

70 Nou het hulle sy naam gepoleer en dit epilepsie genoem, maar hy is 'n duiwel. En Jesus het gesê: "Jou duiwel, kom uit die kind uit!" Presies. Nou, epilepsie word gewoontlik veroorsaak deur 'n nierprobleem. Miskien gaan julle bietjie later in hierop. Sien? Dit veroorsaak epilepsie, van uremia.

71 Nou, let op hierin, daardie sit dan daar, dit is 'n duiwel. Hy bou 'n lewe; hy groei, word groter en groter. Hy het een plig om te doen, dit is, jou lewe te neem. Dis waarvoor die Duiwel hom gestuur het, om jou lewe kort te knip van sewentig jaar.

72 Nou, ek salueer elke dokter. Ja, meneer. Alle mediese wetenskap, God seën hulle vir die hulp wat hulle vir die mense gegee het. Dis reg. Wat sou jy vandag in die wêreld doen daarsonder? Ek dank God vir mediese wetenskap. Ek dank God vir my motor. As God nie die wetenskap vir my 'n motor laat maak het nie, sou ek 'n moeilike tyd gehad het om hiernatoe te stap. Vir elektriese ligte, en vir seep om my hande mee te was, en tandepasta om my tande mee te borsel, sekerlik. Ek dank Hom vir alles, want alle goeie dinge kom van God.

73 Maar laat ek julle vertel, daar is nie een stukkie medisyne wat ooit enige siekte genees het nie. En daar is nie een dokter, behalwe as 'n kwaksalwer is, maar 'n ware dokter sal jou sê dat hulle nie aanspraak maak daarop om genesers te wees nie. Reg by Mayo Broers, baie van julle. . . Daar is twee of driekeer met my 'n onderhoud gevoer. Van pasiënte wat daarvandaan gekom het, ongeneeslik. . . Het julle die November uitgawe van *Reader's Digest* gelees, die November uitgawe? Hoeveel het die November uitgawe gelees, daardie artikel van my daarin, op *Reader's Digest*? Sien? En hulle het my daarbo gehad, die onderhoud oor 'n baba wat hulle opgegee het. Het gesê: "Dit kon nie gedoen word nie." Maar die Heilige Gees het met my gepraat en my gesê hoe dit gedoen sou word, en dit is gedoen.

Goed. Nou, hulle het my daarnatoe geroep. En reg bokant die deur waar Jimmy—hulle, Mayo was vroeër daar, is daar 'n tamaai groot bord wat gesê het: "Ons maak nie daarop aanspraak om genesers te wees nie. Ons maak net daarop aanspraak om die natuur te help. Daar is een Geneesheer, dit is God." Hulle is die beste in die wêreld. Nou, ons het 'n paar kwaksalwers, ja. Dis reg. Ons het party kwaksalwer predikers, ook. Goed. So, dit gebeur aan beide kante.

74 Let op, maar elke man wat daarop aanspraak maak dat hy 'n geneser is, hy is 'n storieverteller, want hy kan dit nie doen nie. Want die Bybel het gesê: "Ek is die Here Wat al jou sondes vergewe en al jou krankhede genees."

75 Ek was by studies. En in my kamer, die . . . het sommige van die beste dokters van die nasies gekom. Jy ken nie die agterkant van die lewe nie, vriend, om te weet wat was, en dinge wat ek nie buite in die openbaar vertel nie. Manne kom in die geheim. En moenie dink daar is nie nog 'n klomp Nikodemusse in die wêreld nie; dit is seker, duisende van hulle. Hulle kyk daarna en kom in die diens. Sit daar met 'n T—hemp aan, iets omtrent soos hierdie, met blink name wat jou sou verbaas, sit reg in die diens. Glip binne 'n paar dae hier in en besoek in die geheim, en stuur iemand in vir 'n onderhoud. En sê reg nou, sê: "Broer Branham, ek glo Dis die Waarheid." Hulle is menslik net soos ons is. Sekerlik. En elke mens wil graag verby daardie donker sluier daaroorkant kyk waardeur hy eendag moet gaan.

76 Maar daardie kankers en hierdie dinge is absoluut duiwels in 'n liggaam van vlees gevorm, wat opbeweeg, jou lewe te neem.

77 Nou, as ek soos die dokter sou maak, as ek dit kon afsny, dit op die grond neerlê . . . Of, net soos, sê, byvoorbeeld, jy 'n kanker was, self, op hierdie aarde. Nou, hier is Goddelike genesing. As ek van jou ontslae wou raak op die manier van 'n dokter se manier, sou ek net aanhou . . . jou liggaam moet vryf, of so iets, tot dit net alles van die aarde af verdwyn. Daar sou niks daarvan meer wees nie, net soos die dokter die groeisel van jou af wegneem. Maar in die vorm van Goddelike genesing, as jy 'n kanker was, sou ek net jou lewe uit jou uitroep, en jy sou aangaan. Jou lewe sou jou verlaat, maar jou liggaam sou hier wees net soos dit was.

78 Nou, daar is waar sig en tyd God se ergste vyand is in Goddelike genesing. Ek weet nie of Broer Baxter ooit by hierdie dinge in die diens uitkom nie. Ek sit, verduidelik dit vir hom en Broer Bosworth, oor en oor. Maar hier is wat gebeur het. Ek twyfel of baie mense dit begryp, want, na 'n rukkie, begin vind jy die mense wat terugkom, en sê: "Ek het my genesing ontvang, Broer Branham, vir twee of drie dae, maar,

seën God, dit—dit het my verlaat." En ek vind dit, en ek dink dit is omdat hulle nie die diens reg opstel nie. Die mense verstaan nie. Ek het mense gehad wat na die verhoog gekom het en heeltemal blind is, kankers, of katarakke oor hulle oë, en hierdie Bybel lees na hulle voor gebid is, afstap; binne drie of vier dae weer so blind wees soos hulle in die eerste plek was. Wat het gebeur? Enigeen weet dat wanneer die lewe uit enige vlees gegaan het, dit vir 'n tydjie krimp. Is dit reg?

79 Het enigiemand hier, al ooit 'n bok doodgemaak, of 'n koei, of enigiets soos dit? Sekerlik. Goed. Weeg dit vanaand, julle jagters hier rond, vriende van my. Jy maak die bok dood en jy gooi hom op die skaal, vertel die manne hoeveel hy weeg. Pasop! In die môre gaan hy etlike ponde ligter wees as wat hy was. Wanneer 'n mens sterf, die ondernemer, die eerste ding, neem die valstande of 'n oog, wat dit ook al is daarin, haal dit uit; want, dit krimp, dit sal uitstoot want die menslike liggaam krimp. Alle ander vlees krimp. Wanneer die lewe uit 'n sel gegaan het, begin dit afgaan, krimp. Dit sal so maak vir ongeveer twee—en—sewentig uur. En dan sal dit begin swel. Laat 'n hondjie doodgery word, hier buite op die pad. Laat hom daar in die son lê vir omtrent, drie dae, en kyk wat gebeur het. Hy is 'n groter hond as wat hy ooit was. Dit swel op. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

80 Wel, dis dieselfde ding wat plaasvind wanneer 'n—'n demoon uit 'n siek persoon gewerp word. Die eerste paar dae: "O, ek voel wonderlik." Begin dan sê: "Ek is—ek is sieker as wat ek—as wat ek ooit was. Ek het my genesing verloor." Net so seker soos geloof dit weggeneem het, bring ongeloof dit weer terug. As geloof dit doodmaak, wek ongeloof dit op. Jesus het gesê: "Wanneer die onrein gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en hy gaan terug met sewe ander duiwels." En as die goeie man van die huis nie daar staan om daardie deur te beskerm nie, sal hy reguit inkom. En die goeie man van jou huis is jou geloof. Sê: "Bly weg!" Dis hy.

81 Maar hou nou 'n pasiënt dop wat genees is, gewoontlik, tensy dit 'n uitsonderlike wonderwerk is. Wat, Goddelike genesing en 'n wonderwerk is twee verskillende dinge. Goddelike genesing, een ding; 'n wonderwerk is 'n ander ding. Maar 'n gewone gang van Goddelike genesing, wanneer die onreine gees uitgedryf is, 'n kankerduiwel, wanneer dit die persoon verlaat: "O!" Nou, of sê ons neem iets sodat julle meer sigbaars kan sien, ek sou sê, die katarak. Wat het gebeur toe daardie man. . .As julle 'n blinde persoon sou oplet. Ek weet nie of ek al ooit enige hier gehad het of nie, tot nog toe, oë met katarakke nie. Ek sou hulle vir 'n paar oomblikke laat staan. Hoekom? Soos daardie inkrimping begin plaasvind. Vra hulle om terug te kom, ons 'n getuienis te gee. "O, goeiste!" Hulle kan wonderlik sien. "O, goeiste! Net, ek kan dinge sien! Ja!

Ek. . .” Wat gaan aan? Lewe is weg; die liggaam van die katarak begin krimp. Wel, dit sal so aangaan vir ’n paar dae. Sê: “O, ek word so gesond.”

82 En na ’n rukkie, begin hulle ’n hoofpyn kry, voel nie so goed nie. Staan die volgende oggend op: “Ek verloor weer my sig.”

83 Sommige van hulle het gesê: “Uh—huh, jy was net opgewerk. Daardie klomp “holy—rollers” het jou opgewerk.” Moenie dit glo nie! Dis ’n leuen van die Duiwel. As jy dit glo, sal jy net weer blind word.

Maar, as jy net vashou, sê: “Nee. Here, ek glo.”

84 Wat gebeur dan? Daardie liggaam swel vir so lank. Dit maak weer daardie sig toe. Daardie kanker in die liggaam sal swel. Jy sal weer seer en vol pyn word. Dan sal jy verskriklik siek word, vreeslik siek. Hoekom? Daardie groot groeisel van dooie vlees lê daar dood in jou.

85 Jy gaan terug, na die dokter en hy sê: “O, dis onsin. Daar is die kanker net daar. Ek kan dit sien.” Sekerlik, dis daar, maar dis dood. Halleluja!

86 Nou, die bloedstroom moet die liggaam reinig. Elke keer wanneer die hart pomp, werp dit die bloed deur die liggaam, en dit kry die infeksie. Sekerlik, sal dit jou siek maak. Wat daarvan as jy ’n stuk vleis iewers in jou gehad het wat daar hang, so lank soos ’n slang, of iets so groot soos om jou vinger, en daarin hang, en dit was dood, daardie hoeveelheid dooie vleis wat in jou hang, en dit ontbind? Wel, natuurlik, jou bloedstroom moet dit suiwer hou, soos dit deurpomp. Maar daar is ’n dooie liggaam, die ding hang daar, want die lewe het daaruit gegaan. Die krag van God, deur geloof, het dit uitgedryf. Hy is ’n demoon; hy moet uitgaan.

87 Maar, die rede, die mense is nie ingelig nie. Hulle gaan weg, gee op. En daardie selfde duiwel wat net daar staan, om weer oor te neem. Wanneer God jou iets op hierdie verhoog sê, deur Sy Gees, wanneer onder inspirasie, moet dit nie betwyfel nie, of ’n erger ding sal oor jou kom, het Hy gesê. Want Jesus het gesê: “Die laaste van daardie mens word sewe keer erger as wat dit eers was.” Is dit reg? Wanneer die onrein gees uit die mens gaan, gaan hy deur waterlose plekke, en kom terug met sewe ander duiwels. So, moenie ongelowig wees nie. Bly net Daarby. Bedoel dit, uit jou hart. Sê: “Nee, meneer! Ek sal nie beweeg nie! Maak glad nie saak hoe siek ek word nie, dit het niks daarmee te doen nie.” Dan, eerste ding wat jy weet, sal jy regkom. Alles sal wel wees. Sien, dis dood. Die—die operasie wat die dokter van jou sou neem, daardie selfde gewas lê in jou, met geen lewe daarin nie.

88 Jy sê: “Die lewe daarin, Broer Branham, sal dit my lewe neem?” Nee, meneer. Daardie lewe is ’n aparte lewe van joune.

Dit het jou net gewys dat jy ’n lewe is en ’n wese geword het, en dis ’n lewe en word ’n wese; en jy is van God, en dis van die Duiwel. Jy sien wat ek bedoel? Demonologie. Nou, julle behoort te sien hoe daardie ding lyk, wanneer jy staan en kyk daarna.

89 O, goeiste, ek is jammer, dis amper drie—dertig. Ek is jammer. Kyk, vriende. O, wat hierdie wêreld nodig het!

90 Ek het omtrent sewe jaar lank, onderrig oor die hele Amerika, hierdie genesingsdienste gehou. Ek het net ’n goeie idee om weer oor die hele land te begin, die Bybel te onderrig, en oor demonologie, dat die mense kan verstaan wat om te doen. En dis die rede, hulle gaan na hierdie dienste, baiekeer, en volg. . . As jy nie verstaan nie, kom die mense uit, en baiekeer. . .

Nou, onthou daardie kêrel wat gesê het hy het ’n gawe van Goddelike genesing? Die gawe van Goddelike genesing was in jou as jy genees is. Dis jy, die een. Enige gawe werk deur geloof. En maak nie saak hoeveel gawe van Goddelike genesing ek het nie, ek dit met my hele hart glo nie, maar jy kon hier staan en, as jy nie dieselfde soort geloof het nie, help dit jou niks nie. Ek kon vir jou bid, vir ure en weke en maande. Dit is nie die predikers met die Goddelike genesing nie. Dis jy wat die gawe van Goddelike genesing het, wat daarin glo om genees te word, want dis deur geloof. Deur geloof! Elke werking van God is deur geloof.

91 Die hele wapenrusting van God is deur geloof. Ons het nie een natuurlike ding van hierdie wêreld nie. Alles van ’n—’n Christelike kerk is ’n geloofsdaad. Kyk na die wapenrusting van God, liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, sagsinnigheid, geduld. Is dit reg? Alles bonatuurliks, niks natuurliks nie. So ons kyk nie na die natuurlike dinge nie, want ons tree bonatuurlik op. En die enigste manier wat ons dit kan baseer, is geloof, wat God gesê het die Waarheid is, en ons kyk na die Onsienlike. En ons noem die dinge wat nie is nie, asof dit is; soos Abraham gedoen het, en dit gekry het. Amen! Abraham het daardie dinge genoem wat nie was nie, soos God gedoen het, asof hulle was. Was ’n honderd jaar oud, het nie aan die belofte van God deur ongeloof getwyfel nie.

92 Ek kon dit net voorstel, kon julle nie? Sien Sara een oggend opstaan. God het gesê: “Abraham!” Gesê: “Abraham, jy gaan die baba hê.”

93 Sara het opgestaan. Sê: “Hoe voel jy Sara?” Dit is ’n gemengde gehoor, maar luister.

“Niks anders nie.”

94 “Wel, ere aan God, ons gaan dit hê! Gaan kry die voëloog materiaal en die spelde, en alles. Maak gereed.”

Goed, nog ’n maand het verbygegaan. “Sara, hoe voel jy?”

“Niks anders nie.”

’n Jaar het verbygegaan. “Sara, wat daarvan?”

“Niks anders nie.”

Tien jaar het verbygegaan. “Niks anders nie.”

Vyf—en—twintig jaar het verbygegaan. “Niks anders nie.”

95 Abraham, in plaas van swak te word, het hy sterker en sterker geword. Hy het geweet dit gaan ’n groter wonderwerk wees die hele tyd, want hy het God geglo, en hy het nie aan die belofte van God getwyfel deur ongeloof nie. Hy het gesê: “Ons gaan dit hê!” En een oggend begin die baarmoeder van Sara te swel, en klein Isak was gebore, omdat Abraham God geglo het. En hy het na die dinge gekyk, en daardie dinge wat nie bestaan het nie, gereken asof hulle bestaan het.

96 Nie deur gevoelens nie, nie deur sig nie. Jy wandel nie deur gevoelens en sig nie. Dis deur die geloof. En wanneer God enigiets gespreek het, gesê het: “Watter dinge julle ook al vra, wanneer julle bid, glo dat julle dit ontvang,” hou dan daaraan vas. God het so gesê, dit moet so wees! Amen. Demone!

Geloof in die Vader, geloof in die Seun,
Geloof in die Heilige Gees, drie in die Een;
Duiwels sal beef en sondaars ontwaak;
Geloof in Jehova sal enigiets skud.

Dis so. O, goeiste! Sekerlik is dit. Hê geloof in God. Kyk na Hom. Moenie beweeg nie. Bly net daar. God het so gesê!

97 En, demone, wat is hulle? Hulle is geestelike wesens. Nou, die—die dokter sê: “Jy het kanker. Jy het TB. Jy het katarak. Jy het borsvliesontsteking. Jy het *dit*.” Dis ’n duiwel. Dis ’n lewe, en agter daardie lewe is ’n gees. Hoeveel weet en kan sien dat ’n kanker, katarak, dit het—dit het . . . Dis ’n gees, het—het lewe daarin. Wel, niks kan lewe hê sonder gees nie, julle sien, so daar moet ’n lewe wees om dit te laat optree, iewers.

98 Selfs daardie boom daar het lewe daarin. Al die wetenskap in die wêreld kan nie een grashalm maak nie. Het julle dit geweet? Hulle maak iets wat daarna lyk, maar hulle kan nie die formule van lewe vind nie. Dis God. Sien? Jesus het vir die boom gesê: “Vervloek is jy. Jy het nie enige vrugte nie, en jy sal nooit enige hê nie.” Hulle het weer daar verbygegaan. Dit was omtrent agtuur daardie oggend. Omtrent elfuur weer verbygegaan, soos hulle na middagete toe gegaan het. Petrus het gesê: “Kyk na daardie boom, dit is dood van die wortels af.” Hoekom? Jesus het die lewe bestraf wat in die boom was, wat in die wortels was, en die hele ding het gesterf. Halleluja!

99 Daardie selfde Christus kan ’n kanker van die wortels af bestraf, en die hele ding sal sterf. Daardie boom het daar gestaan net soos dit was, ure tevore, maar jy vind die blare

begin af te val, en sien dan dat die bas begin afdop. En die. . . Word afgetakel, dag na dag, en week na week, en na 'n tyd was daar nie eens een spikkel van daardie boom oor nie. Halleluja! Kanker, gewas, katarak, of enigiets anders, sal moet gaan wanneer Christus praat. Hy dryf duiwels uit. En Hy het gesê: "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale spreek, slange opneem, of dodelike dinge drink, dit sal hulle nie kwaad doen nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

100 Het julle Hom lief? Ek is jammer dat ek julle 'n uur hier gehou het vanmiddag, hier te sit. Het julle die Here lief? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Wat gaan nou gebeur? As jy Christus as jou geneser aanvaar, en jy in jou hart glo dat iets met jou gebeur het, en jy glo jy is genees, gaan jy glo jy is genees? Moenie dat die Duiwel enigiets anders op jou plaas nie. Hou net aan.

"Dokter," sê—sê: "dokter, hoe lyk dit?"

Hy het gesê: "Wel, dis nog daar."

101 In jou hart weet jy, weet jy wat gebeur het. Huh! Eerste ding wat jy weet, sê: "Haai, wonder wat van daardie ding geword het?"

102 Sê dan: "Kyk, dokter, ek sal jou sê. Hier is wat gebeur het, Jesus Christus het my genees. Dis reg. Jesus Christus het my genees."

103 Goed, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Broer Willett, sou jy net hiernatoe kom vir 'n oomblik, broer?

104 Nou Hemelse Vader, ons is dankbaar vir die Bloed van Christus. En miskien somtyds dat U dienaar, Here, nie wysheid gebruik nie, deur so lank te praat nie. Maar ek voel miskien soos Paulus, wat een aand heelnag gepreek het. 'n Klein kêreltjie het uit die venster uitgeval en gesterf. En daardie apostel, met die Woord van God in sy lewe, het gegaan en het met sy liggaam bo—op die seun gaan lê, lewe het in hom gekom en hy het weer geleef.

105 Dierbare God, ek besef dat die sonsondergang van hierdie groot beskawing nou ondergaan, reeds ver gevorder, die middel van die dag is verby, die aandskaduwees kom nader. Groot Lig kom te voorskyn van die Koninkryk van God, om sy plek te neem in hierdie groot duisternis wat op aarde kom. God, ek besef ek word elke dag ouer. Laat my gaan, Here. Gee my krag. Help my om hierdie groot Waarheid oral te vertel. Help ons, môremiddag, dat ons meer sal verstaan.

106 En, dierbare God, seën hierdie klein gehoor vanmiddag. Vanaand, wanneer hulle vergader vir die genesingsdiens, mag elke man en vrou bymekaar kom en aan die praat raak, en sê: "Nou, hier is. . .het nie—het nie meer enige twyfel nie. Ons

verstaan nou waar dit vandaan kom. Ons weet dit is die duiwel. En ons weet wanneer hy uitgaan, hy moet uitkom deur die bevel van God. Hy moet. God het reeds so gesê. Hy moet uitgaan." Mag hulle dan weggaan, gelukkig, juigend, hulle genesing eis. Niks, laat niks meer in hulle pad staan nie; net gaan, en glo.

107 En, God, mag hierdie klein kerkie hier, en hierdie samewerkende kerke, 'n herlewing na hierdie byeenkoms hê, Here, wat dit net sal deurdra, en baie honderde siele sal inbring in die Koninkryk van God. Skenk dit, Vader. Mag mans en vroue hier, van oor die nasies en ander plekke, mag hulle die Boodskap terugneem na hulle kerke, en mag hulle 'n outydse herlewing hê. Skenk dit, Here. Vergewe ons nou van ons sondes. Help ons om U dienaars te wees. In Jesus Christus se Naam. Amen.

108 Ek wonder, terwyl julle hier sit, is daar vandag 'n sondaar in die gebou, wat sou sê: "Broer Branham, onthou my in gebed?" Sal jy, sal jy jou hand opsteek? Is daar 'n sondaar persoon? Ek wil nie... God seën jou, dame. Is daar? God seën jou, meneer. Jy, en jy, en jy, God seën julle. Ek wonder of julle... Nou, dit is vir julle.

109 Sien, ek glo nie daaraan om agter in die gehoor in te gaan nie. Ek kritiseer nie ander wat dit doen nie. Ek glo nie daaraan om in die gehoor te gaan en iemand te probeer trek nie. Sien? "Niemand kan kom nie, behalwe as die Vader Wie hom trek nie." Sien? Dis reg. Jy trek hom net daar op teen sy sin. Sien? Maar as God aan jou hart klop, is jy die mees bevoorregte persoon in die wêreld. Julle weet net nie hoeveel mense ek mee gepraat het nie.

*Demonologie — Fisiese Sfeer*
8 Junie 1953, Maandagmiddag
Roberts Park Amfiteater, Connersville, Indiana

*Demonologie — Godsdienstige Sfeer*
9 Junie 1953, Dinsdagmiddag
Roberts Park Amfiteater, Connersville, Indiana

*Verleidelike Geeste*
24 Julie 1955, Sondagoggend
Branham Tabernakel, Jeffersonville, Indiana

Hierdie Boodskappe deur Broer William Marrion Branham is oorspronklik gelewer en daarna onverkort gepubliseer in Engels. Elke poging is aangewend om die verbale Boodskap akkuraat vanaf die magnetiese bandopnames na die gedrukte bladsy oor te dra. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en word versprei deur Voice Of God Recordings. Herdruk in 2005.

©1998 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org